# Gratis hulp beskikbaar

Stefanie Minnaar

Die week is daar heelwat tieners wat met groot teleurstelling na hul matriekuitslae kyk. Baie van dié kinders sit ook in vrees oor wat hul ouers gaan sê oor die punte wat nie na wense is nie.

Dan is daar ook 'n handjievol tieners wie se universiteitsdroom daarmee heen is…wat met hul gr 11-rapport voorlopige keuring gekry het, maar nou nie die paal gehaal het met hul matriekuitslae nie.

In 2019 woon ek 'n praatjie van Graeme Codrington in George by. Sy besigheid se naam is Tomorrow, Today. Graeme Codrington is "An expert on the future of work and the disruptive forces that are shaping it".

Die aand by sy praatjie, in George, staan Codrington voor die klomp matrieks wat daar in die saal sit en sê vir hulle: die kans is goed dat 80% van hulle 100 jaar en ouer gaan word.

Dan draai hy na waar die ouers sit en sê dat ouers in vandag se tyd moet vrede maak dat ons kinders dalk heelwat langer in ons huise gaan bly na skool, as enige generasie voor ons.

En dat ouers nie die jong volwassenes in 'n rigting moet indwing nie.

Verder sê hy ook dat as 'n jong volwassene eers rondom 25-jarige ouderdom weet presies in watter rigting hul wil ingaan, dié jongmens nog 75 jaar gaan leef waar hy sy beroep kan beoefen.

So liewe ouer, vandag wil ek jou vra om mooi op jou taal te let wanneer jy 'n gesprek met jou kind gaan hê oor sy swak/ker uitslae.

Moet asseblief nie met jou taalgebruik jou kind se hoop vir die toekoms wegvat nie.

Daar is ALTYD 'n plan om te maak.

Indien jy en jou kind emosionele ondersteuning nodig het om deur teleurstellende uitslae te werk, of andersins 'n gesprek wil hê oor hoe nou gemaak, kontak gerus vir Caritas Care op 073 648 4346, waarna 'n pastorale narratiewe terapeut kontak sal maak met jou.

Weet net, jy is nie alleen nie.

Sluit gerus aan by my Ouer-Tiener Harmonie Facebook-groep.

## NUUSBROKKIES NEWS SNIPPETS

### Programme vir gestremde volwasse persone

ACVV Kenani het 'n gemeenskaps-gebaseerde sorg- en ondersteuning-sentrum vir gestremde volwasse persone vanaf die ouderdom van 18 jaar en ouer. Daar word daaglikse programme vir hierdie persone aangebied.

Vir verdere inligting, kontak mev Mariana Lategan op Maandae tot Vrydae tussen 08:30 en 15:30 by 044 690 3204.

### Calling all bridge players

The Mossel Bay Bridge Club plays duplicate bridge on Mondays at Monte Christo Retirement Village, near Hartenbos.

Should you be interested in joining the club, contact Berti Harris (082 887 8552) or Dorothy Potgieter (074 668 4016).

# Kenani soek jou witolifante

Die ACVV Kenani wens die gemeenskap van Mosselbaai en omgewing 'n baie geseënde 2023 toe.

Het jy oorbodige items in en om jou huis waarvan jy ontslae wil raak om plek te maak vir nuwe items?

Daardie items, witolifante, kan aan die ACVV Kenani-dienssentrum geskenk word.

Indien jy kan help met enige van hierdie items, skakel 044 690 3204 gedurende weeksdae tussen 08:00 en 15:00. "Baie dankie vir u getroue ondersteuning deur die jare."

Kenani se Snuffelgids (witolifante) sal op Maandag, 6 Februarie vanaf 09:00 tot 11:00 oop wees vir die publiek. "Sien julle daar."

WE BUY & SELL
FURNITURE & LARGE APPLIANCES
TOP PRICES PAID
WhatsApp 062 298 0275
or call 044 690 3682
cash Crusaders
Furniture & Large Appliances
Mossel Bay
mosselbaybuyer@crusadersstores.co.za
75 Marsh Street, Mossel Bay
YOU CALL, WE COLLECT
CCMB-MA2_2022

**NOTIFICATION OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT (BASIC ASSESSMENT)**
**30 DAY PUBLIC PARTICIPATION PERIOD**
**DEA&DP REF NR:** 16/3/3/6/7/1/D6/29/0075/21

**PROPOSED SELF STORAGE LIGHT INDUSTRIAL DEVELOPMENT ON PORTION A OF ERF 21277 AALWYNDAL, MOSSEL BAY MUNICIPALITY, WESTERN CAPE.**

**PROJECT DESCRIPTION**: The applicant, Dream Supreme Properties 14 cc, proposes to the subdivision of Erf 21277 (7.775 ha), as well as the rezoning of an approximately 1.44 ha portion of the subdivided property from Single Residential Zone 1 to Industrial Zone 1 (light industry) for the development of a self-storage facility. The development on the rezoned portion includes 176 small Self-storage Units in two blocks of 1796.45 m² each; 40 larger units in one block of 3540 m²; administration office and a sanitary facility as well as 7 parking bays. The development will also include stormwater run-off drainage, perimeter security fencing and lighting and access control.

**LOCATION**: The site is located off Nagtegaal street in Aalwyndal from where access will also be taken.

An Application for Environmental Authorization (EA) to be issued by the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) is currently being undertaken to authorize the following "Listed Activities" in terms of the National Environmental Management Act, 1998 ("NEMA") (Act No. 107 of 1998), as amended;

- Listing Notice 1 – Activity No: 27

**OPPORTUNITY TO PARTICIPATE**: Individuals Interested and/or affected by the proposed activity are invited to register with **Kapp Environmental Consultants (KAPPEC)** as an **Interested and Affected Party (I&AP)**. I&APs must provide their details including: Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address) and an indication of any personal or other interest which they have in the application. A copy of the Pre-Application Basic Assessment Report will be made available from **Wednesday the 25th of January 2023 up until Monday the 27th of February 2023** on the KAPPEC website at www.kappec.co.za and will be available for download via WeTransfer, Dropbox and Whatsapp. For more information regarding the proposal, please contact: **Mr. Renier Kapp**, Kapp Environmental Consultants, (Cell): **082 675 5233**, or E-mail: renier@kappec.co.za.

KAPP ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

OR22324500_PM

FISHALICIOUS

Die Fishalicious span gebasseer in GEORGE is op soek na 'n dinamiese persoon wat by ons kan aansluit. As jy goed kan kommunikeer, asook 'n bekwame individu en probleem oplosser is, sal ons graag van jou wil hoor.

Ons benodig iemand wat gemaklik is om met kliënte en verskaffers te kommunikeer asoos 'n toesighoudende funksie te verrig.

Die ideale persoon moet aan ten minste die volgende vereistes voldoen:

- Een tot twee jaar se vorige ondervinding in die visbedryf
- Ondervinding in die kleinhandelbedryf
- Besit van 'n geldige motorvoertuiglisensie
- Bewys van vorige bestuurspos of toesighoudende rol oor ander spanlede
- Rekenaarvaardig wees
- Goeie verbale en skriftelike kommunikasie vaardighede

Tegniese vaardigheid en bekwaamheid aangaande toerusting instandhouding sal voordelig wees.

**Stuur asb jou CV aan: admin@fishalic.co.za**

OR22320279_PM

# MOSSEL BAY MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR SUBDIVISION, REZONING & CONSENT USE: MOSSEL BAY ERF 4243**

| | |
|---|---|
| Applicant: | Marike Vreken Urban & Environmental Planners – P.O. Box 2180, Knysna, 6570 |
| Owner: | Caroline 31 cc |
| Reference number: | 15/4/7/1/5;15/4/7/1/2;15/4/7/1/4/C 9322634 |
| Property Description: | Erf 4243 Mossel Bay in the Municipality and Division of Mossel Bay, Province Western Cape |
| Physical Address: | 21 Mossel Street, D'Almeida Extension 7 |

Detailed description of proposal: Application in terms of Section 15 of the Mossel Bay By-law on Municipal Land Use Planning, 2021 for:

i) The subdivision of Remainder of Erf 4243, Mossel Bay in terms of Section 15(2)(d) of the Mossel Bay Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2021) into two portions: Portion A = 13600m² and a Remainder = ±7309m²)

ii) The rezoning of Portion A of Erf 4243 Mossel Bay from 'Utility Zone' to 'Business Zone I', in terms of Section 15(2)(a) of the Mossel Bay Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2021), to allow for flats;

iii) A consent use to allow a "Warehouse" on Portion A of Erf 4243, Mossel Bay zoned Business I, in terms of Section 15(2)(m) of the Mossel Bay Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2021);

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Mossel Bay By-law on Municipal Land Use Planning, 2021 that the abovementioned application has been received and is available for comments.

Any written comments may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, via Email to admin@mosselbay.gov.za and rfernandez@mosselbay.gov.za or submitted at Town Planning Division, 4th Floor, Montagu Place Building, 111 Montagu Street Mossel Bay on or before **30 days** from the date of publication of this notice, quoting your, name, address and contact details, interest in the application and reasons for comments or objections. Telephonic enquiries can be made to Mr R Fernandez at 044 606-5012.The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date.

**AANSOEK OM ONDERVERDELING, HERSONERING & VERGUNNINGSGEBRUIK: MOSSELBAAI ERF 4243**

| | |
|---|---|
| Aansoeker: | Marike Vreken Urban & Environmental Planners – Posbus 2180, Knysna, 6570 |
| Eienaar: | Caroline 31 cc |
| Verwysingsnommer: | 15/4/7/1/5;15/4/7/1/2;15/4/7/1/4/C 9322634 |
| Eiendomsbeskrywing: | Erf 4243 Mosselbaai in die Munisipaliteit en Afdeling Mosselbaai, Wes-Kaap Provinsie |
| Fisiese Adres: | Mossel Straat 21, D'Almeida Uitbreiding 7. |

Volledige beskrywing van voorstel: Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Mosselbaai Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2021 vir:

i) Die Onderverdeling van Erf 4243, Mosselbaai in twee gedeeltes (Gedeelte A = ±13600m² en die Restant = ±7309m²) ingevolge Artikel 15(2)(d) van die Mosselbaai Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (2021);

ii) Die Hersonering van die voorgestelde Gedeelte A van Erf 4243 Mosselbaai vanaf 'Utiliteitsone' to 'Besigheidsone I' ingevolge Artikel 15(2)(a) van die Mosselbaai Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (2021) om woonstelle toe te laat;

iii) 'n Vergunnings Gebruik om 'n stoorkamer toe te laat op Gedeelte A van Erf 4243, Mosselbaai wat 'Besigheidsone I' gesoneer is ingevolge Artikel 15(2)(m) van die Mosselbaai Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (2021).

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45 van die Mosselbaai Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2021 dat die bogemelde aansoek ontvang is en ter insae lê vir kommentaar.

Enige skriftelike kommentaar kan ingevolge Artikel 50 van gemelde wetgewing aan die Munisipale Bestuurder, per E-pos gestuur word na admin@mosselbay.gov.za en rfernandez@mosselbay.gov.za of ingedien word by die Afdeling Stadsbeplanning, 4de Vloer, Montagu Place Gebou, Montagustraat 111, Mosselbaai op of voor **30 dae** vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding van u naam, adres en kontak besonderhede, belang by die aansoek en redes vir kommentaar of beswaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr R Fernandez by tel: (044) 606 5012. Die Munisipaliteit kan weier om kommentaar te aanvaar wat na die sluitingsdatum ontvang is.

OR22323992_PM